Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis.

Nuusweek

Pretoria FM

Nommer 94, Jaargang 2 | 20 November 2026 | www.pretoriafm.co.za

DOOIE-PUNT?





Koalisies: Laaste week vir gesprekke 02

400 skole in Gauteng nodig 03

Donovan sterk tuis aan 04

Kyk die toets saam met Rassie 08



Laaste week om koalisies te vorm

Redaksie

Die VF Plus se leier, dr. Corné Mulder, tree tans as bemiddelaar tussen ActionSA en die DA op in die hoop om koalisieregerings in die Gautengse metro's te vestig. Mulder het aan *Nuusweek* gesê dat daar reeds redelike finaliteit is wat koalisies betref in plekke soos Swartland, Saldanha, Kaap Agulhas, Langeberg en Knysna. Die VF Plus sal ook deel vorm van 'n koalisie in George alhoewel die party nie nodig was om 'n meerderheid te bewerkstellig nie. Onderhandelings op plekke soos Oudtshoorn duur steeds voort.

Mulder sê hy is daagliks met beide ActionSA en die DA in gesprek. Hy sê die mediaberigte dat Helen Zille en Geordin Hill-Lewis dalk plekke as burgemeesters moet omruil, is gegrond op 'n voorstel wat gemaak is, maar dat dit nie tans as 'n opsie beskou word nie. Hill-lewis is intussen Donderdag as burgemeester van Kaapstad verkies.

Mulder sê daar is 'n moontlikheid dat die DA dalk bereid sou wees om die burgemeesterspos in die Tshwane-metro prys te gee, met dien verstande dat daar 'n quid pro quo sal wees en tans lyk dit of ActionSA onverbiddelik is.

Hy sê die VF Plus sal nie met die ANC saamwerk nie.

"Nee, nêrens nie," beklemtoon Mulder.

Prof. André Duvenhage, 'n politieke ontleder verbonde aan die Noordwes-Universiteit, waarsku dat politieke partye nog net 'n week oor het om koalisies te vorm. Duvenhage sê dit is vir hom vreemd dat, terwyl gesprekke oor die vorming van koalisies in volle gang is, president Cyril Ramaphosa besoek aflê aan Silicon Valley in die VSA.

Hy meen die onlangse vergadering van die ANC se nasionale uitvoerende komitee (NUK) het daarop gedui dat die grootste deel van die party se leierskap verkies om met linkse partye saam te werk. Dit sluit partye soos die EFF en die SAKP in.

"Ek sien 'n duidelike prentjie van die ANC as die sentrumparty met ActionSA as strategiese vennoot en ander kleiner partye as vennote."

Duvenhage reken dit is moontlik dat die ANC die burgemeesterspos in Johannesburg en die Tshwane-metro aan ActionSA oorlaat.

Duvenhage sê ten spyte van die magsverskuiwings wat met die onlangse verkiesing plaasgevind het, het dit 'n klein impak wanneer daar na moontlike regeringsveranderings gekyk word. Na sy mening word die boodskap wat tydens die verkiesing op voetsoolvlak gestuur is,



Dr. Corné Mulder

steeds deur die elites oorskryf.

Volgens Duvenhage is die skrif aan die muur vir die Regering van Nasionale Eenheid (RNE).

"Tot watter mate is die RNE volhoubaar binne die patroon, of is die doodskrif vir die RNE reeds geskryf?"

Die DA het intussen 'n koalisie-ooreenkoms in die munisipaliteit van Beaufort-Wes en Sentraal-Karoo bereik. Die DA sal met die Karoo Democratic Force (KDF), People's Movement for Change (PMC) en Community First Party (Pik & Graaf) saamwerk. Euna Wentzel van die DA sal die burgemeesterspos beklee, Sharifa Essop van die PMC sal adjunkburgemeester wees en Noel Constable van die KDF sal die speaker wees. **N**

Rentekoerse bly onveranderd

Redaksie

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank se Monetêre Beleidskomitee het die rentekoerse onveranderd op 7,25% gelaat. Die prima-uitleenkoers bly dus ook onveranderd op 10,75%.

Volgens die president van die SARB, Lesetja Kganyago, bly wêreldwye inflasie hardnekkig hoog weens duurder brandstof, skeepsvrag en stygende voedselpryse.

Globale rentekoerse blyk opnuut opwaarts te beweeg, terwyl talle geldeenhede teenoor 'n sterker dollar verswak.

Kganyago het gesê die komitee is ook bekommerd oor die El Niño-weerpatroon, aangesien droë toestande vroeg volgende jaar oeste kan beskadig en voedselpryse kan laat styg.

Die SARB het die rentekoerse vanjaar twee keer – in Julie en September - opwaarts aangepas.

Die volgende vergadering van die Monetêre Beleidskomitee is belê vir 28 Januarie 2027.



400 skole in Gauteng nodig

Seugnet van Zyl

Minstens 400 nuwe skole sal in Gauteng gebou moet word om die stygende getal gr. 1- en gr. 8-leerders in dié provinsie te kan akkommodeer.

Dit is dr. Jaco Deacon, uitvoerende hoof van die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole (Fedsas), se aanbeveling nadat die Gautengse Departement van Onderwys aangekondig het dat meer as 77 000 leerlinge in dié grade nog nie ingevolge die departement se verpligte aanlyn registrasieproses in skole geplaas is nie.

Die departement het voorts ook bekendgemaak dat 278 skole in Gauteng hulle volle kapasiteit bereik het. Dit sluit 174 laerskole en 104 hoërskole in wat reeds vol is.

Deacon verduidelik dat skole in Gauteng reeds dubbel die grootte is vergeleke met ander skole in die res van die land.

“Die skole kan eenvoudig nie bly groter word nie. Daar kom ’n punt waar getalle eenvoudig opvoedkundig onverantwoordelik word.”

Lebogang Maile, Gautengse LUR van onderwys, het Sondag bekendgemaak dat die departement teen 11 November 346 495 aansoeke vir gr. 1- en gr. 8-leerders vir die nuwe akademiese jaar ontvang het. Die aanlyn registrasieproses het op 15 Oktober vanjaar begin. Sedert die aanvang het 169 182 gr. 1’s en 177 313 gr. 8’s aansoek gedoen om in die skole in dié provinsie geplaas te word.

Maile het bevestig dat 267 742 leerders, waaronder 137 471 gr. 1’s en 130 271 gr. 8’s in skole geplaas is. Dit beteken dat 77 414 leerders nie in skole geplaas is nie.



Dr. Jaco Deacon



Lebogang Maile

Volgens Maile verteenwoordig dié aantal leerders 22,34% (minder as ’n kwart) van die totale aansoekers vir die 2027-akademiese skooljaar.

“Daar is tans 139 024 beskikbare plekke in skole wat die departement geïdentifiseer het. Dit beteken nie noodwendig dat hulle by die skole of in die gemeenskappe is waar die aanvraag die hoogste is nie. Hierdie onderskeid is belangrik. Gauteng ervaar nie ’n eenvormige druk oor sy skoolstelsel nie. Sommige skole het beskikbare kapasiteit, terwyl ander aansienlik meer aansoeke kry as wat hulle redelik kan akkommodeer. Gevolglik gaan die uitdaging nie net oor die beskikbare plekke nie, dit gaan daaroor om daardie plekke aan leerlinge se aanvraag, geografiese toeganklikheid, skoolinfrastruktuur en die praktiese omstandighede van families te koppel.”

Onvolledige aansoeke sal van 23 November tot 4 Desember verwerk word, terwyl laat aansoeke van 17 Desember tot 31 Januarie hanteer sal word.

Deacon sê dié departement het te gemaklik geword met die privaat sektor wat kapasiteit met private skole skep.

“Dit kos ouers wel meer. Ouers het nie meer voldoende keuses vir openbare skole nie en dis betaalde opsies wat dan oor is. As die privaat sektor nie ingespring het nie, was die skolekrisis in Gauteng veel groter.”

Paul Sauer, uitvoerende hoof van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU), sê hy hoop die departement het die regte kriteria gebruik om bepaal of die 278 skole in dié provinsie werklik vol is en nie tot oorlopens vol gedruk is nie.

“Dit is ook ’n onomstootlike bewys dat die departement nie genoegsame kapasiteit het om leerlinge wat na Gauteng stroom, te kan akkommodeer en hanteer nie. Kwaliteitonderwys moet nie op finansies gegrond word nie, maar op genoeg skole en onderwysers om in die behoefte van gemeenskappe te voorsien.” **N**



Donovan sterk tuis aan

Seugnet van Zyl

Ná ’n wrede aanval op Donovan Marx, ’n beesboer in die Ventersdorp-omgewing, waartydens sy ore onder andere afgesny is, sterk hy nou tuis aan.

Marx (50) is reeds vir ’n week by die huis nadat hy verlede Donderdag uit die Mediclinic Potchefstroom ontslaan is. Rowers het hom tydens die aanval in die bolyf geskiet en hom daarna in die huis gesleep, sy hande met kabelbinders vasgemaak en hom na bewering met ’n mes in die been gesteek en sy ore afgesny. Hy is ontslaan ná twee weke van intense mediese behandeling. Marx het verskeie operasies ondergaan, maar sy ore kon nie geheg word nie.

Naaste familie en vriende het hom verlede week ingewag terwyl hy op sy eie stoom by dié hospitaal uitgeloop het. Hulle het hom verwelkom deur “Met die krag van God” te sing. Hy het ook saamgesing.

Donovan en sy vrou, Louise, beskou luidens ’n verklaring deur Marlene Steyn du Toit,



regsverteenwoordiger en woordvoerder van die Marx-familie, sy ontslag as “’n simboliese en betekenisvolle verdere tree op die pad na genesing”. Hulle kies om nie op die trauma van die verlede te fokus nie, maar op die genade van die hede en die hoop vir die toekoms.

Hulle het almal weer vir hul gebede en boodskappe van liefde van bedank.

“Dankie dat julle saam met ons staan. Bo alles – alle eer, lof en dank aan ons Hemelse Vader.”

Die egpaar skryf Marx se herstel toe aan die genade en ingryping van hul Hemelse Vader. Hulle is ook diep dankbaar teenoor die mediese span en die verpleegpersoneel wat hom in die hospitaal versorg het.

Die vier verdagtes, wat aangekla word van poging tot moord met verswarende omstandighede, roof met verswarende omstandighede, aanranding, die besit van ongelisensieerde vuurwapens, die onwettige besit van ammunisie en die rig van ’n vuurwapen, het intussen hulle aansoek om borgtog laat vaar. Die vyfde verdagte, wat nie aktief aan die misdrywe deelgeneem het nie, maar inligting oor die aanval het, gaan as getuie vir die staat optree.

Sedert Donovan se ontslag is daar nie nuwe nuus oor sy herstelpad by die huis gedeel nie. Steyn du Toit het teen saktyd nie op navrae gereageer nie. **N**





OH SCHUCKS.... Dis Leon se rugbyliedjies

Redaksie

Leon Schuster se veelsydige en kleurvolle loopbaan dek 50 jaar, en gedurende die afgelope week het Heinrich Marnitz sy eerste onderhoud in 'n reeks oor Schuster se loopbaan en sy rugbyliedjies uitgesaai.

Marnitz sê Schuster se loopbaan kan in vier fases opgedeel word. Die eerste daarvan het by die ou Afrikaanse Radiodiens in Commissionerstraat begin waar Schuster oornag gewild geword het met die program Die Vrypostige Mikrofoon. In die program het Schuster sy stem vermom en telefonies poetse op mense gebak. Ou tannie Mien was een van sy slagoffers wat sekerlik tot vandag nog onder die ouer luisteraars bekend is. Sy was 'n vragmotorbestuurder wat stene vervoer het. Die gesprek het so verloop:

Leon: "Mien kan ek nie maar vir jou kom kuier nie. Ek wil jou net 'n bietjie vashou, maar ek het net EEN ARM".

Ou Mien: "Nou waarmee wil jy my vashou?"

Leon: "Ou Mien, jy het sulke mooi, groot hande, sal jy nie maar die vashouwerk doen nie?"

Die tweede fase was Leon se rugbyliedjies wat weens internasionale isolasie veral op die Curriebeker gefokus het. Dié liedjies sluit in "Die Rugby-onthaal", "Province" en "Loftus", om net 'n paar te noem.

In die derde fase van sy loopbaan het Schuster 'n versteekte kamera na die strate geneem en daarmee sy poetsbak-loopbaan afgeskop. Dink maar aan die karakter Rajbanji wat met Jimmy Abbott skoor gesoek het by 'n AWB-saamtrek in Germiston of die "gesette Nederlandse joernalis" se onderhoud met Helen Zille.

Marnitz sê gedurende dié fase van sy lewe het hy meer as 20 vollengte rolprente vervaardig, draaiboeke geskryf, die hoofrolle vertolk en as mederegisseur opgetree. Dit sluit in Oh Schucks, here comes UNTAG, You must be joking 1 en 2, Mama Jack en andere.

Die vierde fase is volgens Marnitz die vervaardiging van die rolprente Mr Bones 1 en 2 wat weer 'n nuwe dimensie aan sy loopbaan verleen het. **N**

O Schucks ...
Dis Leon se rugbyliedjies
word Woensdagaande om 20:30 op Pretoria FM uitgesaai, met 'n herhaling Saterdag om 19:30



Leon Schuster en Heinrich Marnitz



Twee legendes gegroet

Redaksie

Die Suid-Afrikaanse vermaaklikheidsbedryf het die afgelope week afskeid van twee bekendes geneem. Eddie Eckstein is in die ouderdom van 86 oorlede.

Eckstein, wat in Bezuidenhoutsvallei, Johannesburg, gebore is en in die Goudstad grootgeword en gematrikuleer het, het bekend geword as een van die lede van die musiekgroep The Bats.

Op televisie het Eckstein as Mannie Bloom in die reeks *Oh George* verskyn en hy was 'n gasheer in die TV-speletjiesprogram *Telly Fun Quiz*, waarvan Martin Bailie die aanbieder was.



Trevor Nasser

Die Suid-Afrikaanse musikant Trevor Nasser is op 72-jarige ouderdom oorlede. Nasser het 'n musiekloopbaan van meer as vier dekades gehad en het sedert die vrystelling van sy debuutalbum oor die jare 'n besondere bydrae tot die Suid-Afrikaanse musiekbedryf gelewer.

Die musiekagent Lydia Winchester het haar medelye met sy afsterwe uitgespreek.



Eddie Eckstein

Sy beskryf Nasser as 'n ongelooflike mens wat baie stil en teruggetrokke was, nooit ingemeng het nie en hoogs geleerd was. **N**

Einde van die pad vir Aitsas

Redaksie

Pretoria FM het besluit om nie die Aitsa Afrikaanse Musiektoekennings verder toe te ken nie.

Die stasiebestuurder van Pretoria FM, James Kemp, sê die besluit is op finansiële werklikhede gegrond.

"Ons het van die begin af besef dat toekenningsgeleenthede nie dieselfde finansiële ondersteuning as ander musiekproduksies geniet nie. Tog is ons baie dankbaar vir die borge wat oor die jare gehelp het om dié uitsonderlike geleentheid 'n werklikheid te maak."

Kemp sê die uitdagende ekonomiese tye en die afname in die belangstelling van borge het Pretoria FM genoop om dié moeilike besluit te neem.

"Ons het die afgelope aantal jare baie van ons personeel se tyd en ook van ons eie finansiële bronne in die Aitsas belê, maar het besluit om eerder op ons primêre



besigheid, naamlik die uitsaaiwese, te fokus. Ons wil ons tyd, geld en kundigheid op ons uitsendings toespits en terselfdertyd ook dit wat ons op radio doen na ander sosiale mediaplatforms uitbrei. Ons sien reeds dat dié strategie vrugte afwerp."

Kemp sê die doel van die Aitsas was om 'n platform te bied waar die room van Afrikaanse musiek erkenning geniet.

"Ons glo dat ons dit steeds deur ons bestaande platforms sal kan doen. Dit sluit die Top 20 in wat op Saterdae op Pretoria FM aangebied word en die deurlopende wyse waarop ons met onderhoude erkenning aan Afrikaanse kunstenaars en hulle prestasies gee." **N**

JOU BESIGHEID VERDIEN OM GESIEN TE WORD!
ADVERTEER IN NUUSWEEK
BEREIK JOU TEIKENMARK!
Laat een van ons konsultante jou help om jou besigheid na die volgende vlak te neem.
Stuur 'n e-pos na
adverteer@pretoriafm.co.za

Pretoria FM wen landboutoekenning

Redaksie

TLU SA het tydens sy jaarlikse Sonneblomtoekenningsgeleentheid die media se rol beklemtoon om werklikhede en uitdagings waarmee boere te kampe het, aan die publiek oor te dra.

Die geleentheid gee erkenning aan media-instellings en landboujoernaliste in die druk-, radio-, televisie- en multimediabedryf.

Bulletin is met die klankmediabydraetoekenning vereer, die beeldmediaprys is aan *GROOTplaas* toegeken, terwyl Marizka Coetzer in die geskrewemediakategorie vereer is en Pretoria FM weggestap het met die multimediatoekenning.

Die hoofbestuurder van TLU SA, Bennie van Zyl het hulde aan die land se boere gebring, wat ondanks uitdagende omstandighede steeds produseer, investeer en verantwoordelikheid aanvaar.

Van Zyl het gesê veiligheid is 'n basiese voorvereiste vir ekonomiese ontwikkeling.

Die geleentheid het ook deelnemers genoop om oor die ekonomiese toekoms van Suid-Afrika en die rol van landbou te besin. Van Zyl, hoofbestuurder van TLU SA, het in sy toespraak gefokus op die tema *Ideologie teenoor ekonomiese uitnemendheid*.

Hy het beklemtoon dat ekonomiese groei nie deur ideologiese uitgangspunte alleen bewerkstellig kan word nie, maar dat beleid op ekonomiese realiteite en volhoubare uitkomste gegrond moet wees.

"'n Land kan nie volhoubaar welvaart verdeel indien daar nie voortdurend nuwe welvaart geskep word nie. Die doel behoort te wees om meer mense ekonomies aktief en produktief te maak, eerder as om die bestaande produktiewe grondslag voortdurend verder te belas en te verswak."

Hy het verder gewys op die belang van eiendomsreg, beleggingsvertroue, beleidsvoorspelbaarheid en veiligheid as voorvereistes vir ekonomiese groei en 'n volhoubare landbousektor.

Henry Geldenhuys, president van TLU SA, het die media en borge vir hul betrokkenheid en ondersteuning bedank. Hy het beklemtoon dat die media 'n onmisbare rol speel om landbou se werklikhede aan die publiek oor te dra.

"Ons versoek aan die media is eenvoudig: Help ons om landbou se werklikhede eerlik, gebalanseerd en met begrip aan die publiek oor te dra. Ons het een duidelike doel voor oë, naamlik om landbou te laat leef en te verseker dat dit 'n volhoubare ekonomiese aktiwiteit bly."

Hy het ook beklemtoon dat voedselproduksie nie vanself gebeur nie, maar die resultaat is van harde werk.

"Agter elke produk op ons winkelrakke is daar 'n boer, 'n plaas, 'n onderneming, werknemers en 'n hele netwerk van mense wat elke dag hard werk om dit moontlik te maak."

Die stasiebestuurder van Pretoria FM, James Kemp, sê hierdie toekenning bevestig dat Pretoria FM platforms bied wat die publiek op FM, YouTube, sosiale media en met hulle e-koerant, *Nuusweek*, bereik.

"Ons is nederig dankbaar vir die erkenning en onderneem om hierop voort te bou. Dankie, TLU SA! Ons sal daarna bly streef om 'n stem vir die landbougemeenskap te wees." **N**



Die aanbieder van Landbou op Pretoria FM, Mia Slabbert, Pretoria FM se nuusredakteur, Esmarie Yssel, die stasiebestuurder van Pretoria FM, James Kemp, en Jennifer Schoeman wat die samestelling van inhoud van die landbouprogram hanteer. [Foto: Verskaf]



6 500 jong atlete maak gereed vir Six Gun Grill-somersportfees

Redaksie

Die Six Gun Grill-somersportfees het die afgelope week sy noordelike uitgawe by Hoërskool Montana in Pretoria bekendgestel. Die fees vind vanjaar van 2 tot 8 Desember gelyktydig in Pretoria en by Hugenote Hoërskool in Wellington plaas.

Dit is die derde jaar dat die fees plaasvind, en die eerste keer dat dit in twee streke aangebied word. Waar daar in die eerste jaar net sowat 1 200 deelnemers was, het dit gegroei tot 'n nasionale inisiatief met 'n verwagte 6 500 jong atlete. Altesaam 159 skole en klubs het ingeskryf: 104 vir die suidelike en 55 vir die noordelike uitgawe. Sowat 4 400 deelnemers word in Wellington verwag en sowat 2 000 in Pretoria.



Die fees is deur Duitser Bosman en Pieter "Slaptjips" Rossouw gestig, en word deur DBS aangebied. Anders as tradisionele toernooie aan die einde van die seisoen, is dit spesifiek ontwerp om spanne voor die aanvang van die nuwe seisoen voor te berei. Afrigters kan spelers evalueer, met spankombinasies eksperimenteer en aan swakpunte werk voordat die 2027-seisoen begin.

"Die grootste voordeel is die insig wat skole en leerders uit die vierde kwartaal kan kry. Jong atlete weet hulle het iets betekenisvols om voor te werk," het Bosman by die bekendstelling gesê.



"Vir wintersport is dit 'n vroeë geleentheid om spelers en kombinasies te evalueer, terwyl ander sportsoorte die fees kan gebruik om vir die volgende jaar voor te berei."

Hoërskool Montana is die amptelike gasheerskool in die noorde. Die hoof, Marius Lezar, sê die skool is gereed.

"Ons skool is geen uitsondering wanneer dit by ons liefde vir sport kom nie. Gee vir ons 'n sportgeleentheid, en ons is daar. Ons is ook ideaal geleë en goed toegerus om 'n geleentheid van dié aard aan te bied. Bowenal het ons wonderlike personeellede wat entoesiasties is en hierdie geleentheid





met graagte aangryp. Ons is vasbeslote om die eerste noordelike uitgawe 'n sukses te maak."

Six Gun Grill is die fees se titelborg, en STADIO en Pick n Pay is die hoofvennote. Die ander vennote is Nulaid, Pretoria FM in die noorde, Bok Radio in die suide, NovaNews, BLK, Performance Brands, Henties, Clover, PVM, Intercape en Lekkewaan.

Volgens die organiseerders bou die fees steeds voort op sy oorspronklike visie: om 'n platform te skep waar die sporthelde van môre vandag kan begin ontwikkel. **N**

Navrae: event@summerfestival.co.za

Lesers se beurt

Hier kry lesers die geleentheid om hulle sê te sê oor van die warmste onderwerpe van die afgelope week.



Die afgelope week het lede van die publiek van hulle laat hoor oor waterbeperkings wat in Pretoria ingestel is. Hier is wat hulle te sê gehad het:

Marié Kruger

En as die maand verby is, en dinge lyk beter, sal die glyskaal verdwyn of sal ons nog die duurder tariewe moet betaal?

Herman Kern

Eers as lekkasie zero is, kan hulle hulle bekke rek. Vat hulle hof toe in 'n klasaksie!!!!

Johan Laubscher

Ja, terwyl hulle 40% van water vanaf Randwater vermors en waterlekke wat aangemeld word nie herstel nie.

Ronel Pansegrouw

Maak die verdomde lekke reg dan sal dit nie nodig wees nie!



Johnny Kidson

En ons moet die spit afbyt oor hulle nie onderhoud doen nie. Lekkende waterpype, reservoirs, noem maar op. Maar betaal moet ons betaal.

Marius Botha

Dankie ons het baie lekker reën gehad. En onthou, maak vinnig daai gebarste pype reg wat vir maande gelos word.

Dawie Rens

As daar nie meer behoorlike watervoorsiening in die hoofstad van die land is nie, is ons werklik in die knyp.

Suzie Reyneke

Ons boer al vinniger agteruit. En dan wil die politici nog armdruk ook koalisies?

Werner Killian

Ek vermoed die ouens wat watertenks verkoop maak nou net soveel geld soos die ouens wat sonkrag installeer.

Ons wil graag van jou hoor.
Stuur gerus jou kommentaar of briewe van nie langer as 200 woorde na nuusweek@pretoriafm.co.za.



Poetin reg en verkeerd oor Europese veiligheidsargitektuur

INTERNASIONALE PERSPEKTIEF

Jaco Kleynhans

Die Europese veiligheidsargitektuur was nog nooit staties nie. Deur die eeue heen het dit voortdurend verander as gevolg van oorloë en verowerings, die vereniging en verbrokkeling van ryke en die afskeiding van gebiede. Ná die einde van die Koue Oorlog was 'n herskikking noodsaaklik. Die uiteindelike rigting waarin hierdie herskikking ontwikkel het, was egter een van toenemende skeiding tussen Wes-Europa en Rusland. Sentraal-Europa en groot dele van Oos-Europa het stelselmatig wegbeweeg van die Russiese invloedsfeer na dié van Wes-Europa.

Die formalisering van die Europese Unie in 1993, die uitbreiding van Navo deur Sentraal- en Oos-Europa tot by die Russiese grens, die veranderende militêre posisie van die VSA in Europa, Navo se betrokkenheid by oorloë in die Balkan en sy indirekte betrokkenheid by die konflik in Georgië, asook Rusland se toenemende spanning met buurlande wat uit sy invloedsfeer begin beweeg het, het alles vrae laat ontstaan oor die volhoubaarheid van die Europese veiligheidsargitektuur en sy vermoë om langtermynvrede op die vasteland te verseker.

In Desember 1991 het die Russiese president Boris Jeltsin 'n brief aan Navo-leiers gerig waarin hy Rusland se moontlike toekomstige lidmaatskap van die alliansie as een van die langtermyndoelwitte van sy presidentskap beskryf het. Vroeg in 2000 het Wladimir Poetin, eers as waarnemende en daarna as pasverkose president van Rusland, die moontlikheid van Russiese Navo-lidmaatskap meer as een keer in die openbaar bespreek. Hy het die kwessie onder meer tydens 'n onderhoud met die BBC aangeroer.

Uiteindelik sou Rusland nie, soos verskeie ander voormalige Sowjetlande, by Navo aansluit nie, maar eerder 'n direkte teenstander van die alliansie word. Poetin se imperialistiese aspirasies, sy teleurstelling oor die verbrokkeling van die Sowjetunie en sy diepe afkeur in Navo se ooswaartse uitbreiding het kort ná sy uitsprake in 2000 al hoe duideliker na vore gekom. Sedertdien beskou die Kremlin Navo as sy grootste veiligheidsbedreiging, terwyl daar in Brussel 'n konsensus ontstaan het dat Rusland die grootste enkele veiligheidsbedreiging vir Europa inhou.

Rusland se besetting van Transnistrië in Moldawië sedert 1992, die kortstondige oorlog tussen Georgië en Rusland in 2008 en die besetting van die Krim in 2014 was vroeë aanduidings van die verslegtende verhouding. Die afgelope byna vyf jaar se oorlog in Oekraïne en die uitgebreide hibriede konflik tussen Rusland en Europa het die spanning egter na 'n nuwe vlak gevoer. Hierdie ontwikkeling hou enorme veiligheidsrisiko's vir die hele vasteland in.

Rusland se veldtog van sabotasie, kuberaanvalle, disinformasie, hommeltuig-indringings in die lugruim van verskeie Oos-Europese lande, ander skendings van die Europese lugruim, ontwrigting van infrastruktuur en sluipmoordkomplotte skep 'n omgewing waarin Europese lande en Navo hul verdedigingsvermoëns en intelligensiebedrywighede drasties moet uitbrei.

Skuld kan maklik uitgedeel word. Daar is goeie rede om terugskouend te vra of Europa en die VSA in die 1990's nie 'n gulde geleentheid verspeel het om Rusland nader aan die Weste te trek en sodoende die spanning van die afgelope twee dekades te voorkom nie. Rusland se optrede, deur sowel hibriede as konvensionele oorlogvoering, moet egter ook ten sterkste veroordeel word.

Die werklikheid is dat die huidige inrigting van die Europese veiligheidsargitektuur meer risiko's as waarborge vir toekomstige veiligheid bied. In hierdie opsig is Wladimir Poetin se aandrang, deur sy onderhandelaars tydens vredessamesprekings in Abu Dhabi verlede week, op 'n herskikking van hierdie veiligheidsargitektuur geregverdig. Poetin se motiewe en eise is egter alles behalwe daarop gerig om veiligheid in Europa te bevorder. Dit staan eerder in diens van sy eie imperialistiese ambisies.

Sedert die einde van die Koue Oorlog is die Europese veiligheidsargitektuur op verskeie handveste en die beginsels van soewereiniteit, territoriale integriteit en die reg van state om hul eie alliansies te kies, gegrond. Hierdie beginsels het die ou Koue Oorlog-logika van invloedsfere, soos dit by Jalta in 1945 bevestig is, verwerp ten gunste van 'n orde waarin kleiner state nie meer as buffers of onderdane van groot moondhede behandel word nie. Hierdie verskuiwing het egter 'n eensydige herinrigting van die Europese veiligheidsargitektuur meegebring. Rusland, wat nie 'n Westerse land is nie en nie dieselfde tradisie van Westerse denke oor soewereiniteit en invloedsfere deel nie, het hierdie nuwe benadering nog altyd verwerp.

Die oplossing vir hierdie botsing tussen die beginsels en veiligheidsbelange van Navo-lidlande en Rusland was nooit 'n oorlog soos dié in Oekraïne of bloot 'n reuse-militêre heropbou regoor Europa, soos wat Europese leiers tans voorstaan nie. Die oplossing lê eerder in 'n sinvolle herskikking van die veiligheidsargitektuur wat ruimte bied vir 'n balans tussen Westerse beginsels en Russiese aspirasies.

Hoewel Rusland en Poetin se eise verregaande is, is Europese leiers se verwerping van die moontlikheid om die Europese veiligheidsargitektuur te hersien, eweneens onnodig. 'n Hersiening beteken nie dat daar aan Poetin oorgegee word nie. Die oplossings lê in die versterking van bestaande instellings en ooreenkomste, maar ook in die bou van vertrouensbande tussen die Weste en Rusland. Dit is iets wat die Trump-administrasie tans aktief probeer bewerkstellig, ondanks hewige kritiek.

Na bladsy 11

Poetin reg en verkeerd oor Europese veiligheidsargitektuur (vervolg)

Van bladsy 10

Europa moet sonder twyfel sy verdediging en intelligensievermoëns opskerp om te verhoed dat Rusland se hibriede oorlogvoering Europese lande destabiliseer. Langtermynveiligheidswaarborge vir Oekraïne en ander Oos-Europese lande is ook noodsaaklik om te verseker dat Rusland nie die indruk kry dat hy lande wat voorheen binne sy invloedsfeer geval het, na willekeur kan aanval nie.

Die Weste moet egter ook besef dat Rusland en sy leiers anders oor hierdie kwessies dink. Hulle denke is steeds gewortel in die logika van Jalta en nie in Brussel se beginsels oor soewereiniteit nie. Daarom moet Rusland se rol as 'n globale moondheid, sy behoefte aan 'n invloedsfeer en sy diepgewortelde behoefte aan respek, veral ná die vernedering wat die land in die 1990's ervaar het, sterker in ag geneem word.

Dit verg leiers met politieke kapitaal, die vermoë om langtermyn-oplossings te bedink, dit aan die Westerse wêreld oor te dra en genoeg steun daarvoor te werf. Ongelukkig vorm Poetin se metodiek en die Weste se gebrek aan sterk leierskap tans 'n gevaarlike kombinasie in die strewe na langtermynvrede in Europa.**N**

**Kleynhans is hoof van openbare skakeling by Solidariteit.*

Is waterbeperkings geregverdig as 35% van die Tshwane-metro se water verlore gaan?

REPLIEK

Marais de Vaal

Met die Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit se onlangse implementering van vlak 2-waterbeperkings en -tariewe, kan inwoners van Pretoria – wat voortdurend met wateronderbrekings en lae waterdruk worstel – tereg vra of die metro sy verantwoordelikheid vir die waterkrisis op inwoners afskuif, terwyl aansienlike munisipale waterverlies onopgelos bly.

Die Tshwane-metro herhaal dieselfde boodskap as rede vir die waterbeperkings: Inwoners se watergebruik is buitengewoon hoog en hulle moet dringend minder water gebruik. So nie, sal Rand Water sy grootmaat-watervoorsiening aan die metro drasties moet inperk om 'n ineenstorting van die waternetwerk te vermy.

Ja, waterbesparing is elkeen se verantwoordelikheid. Maar wanneer die metro nie die volle waarheid rakende dié waterkrisis met inwoners deel of die werklike oorsake daarvan oplos nie, ontduik die metro sy eie verantwoordelikhede en sal inwoners voortdurend met droë krane moet saamleef; waterbeperkings ten spyt.

Die verwarring begin by die woord "gebruik". Die Tshwane-metro gebruik dié konsep wanneer hy verwys na die totale volume water wat sy verspreidingsnetwerk binnekom. Dit is egter nie dieselfde as die hoeveelheid water wat inwoners werklik gebruik nie. Water wat uit 'n gebarste munisipale pyp stroom, is immers nie huishoudelike waterverbruik nie.

In die geval van die Tshwane-metro word 54% van dié metro se watertoevoer geklassifiseer as water wat inkomste inbring, oftewel water wat aan verbruikers verkoop word. Die ander 46% is nie-inkomstewater, oftewel water wat die stelsel binnekom sonder dat dit inkomste genereer. Die persentasie nie-inkomstewater in die Tshwane-metro is tans byna dubbeld die nasionale teiken van minder as 25%.

Die onderskeid tussen dié twee tipes water is nie bloot tegnies nie. Of die metro water aankoop of self suiwer, dit kos steeds geld om dit te verkry, te pomp en te versprei. Pype, reservoirs en pompstasies moet ook onderhou, opgegradeer en uitgebrei word. 'n Hoë vlak nie-inkomstewater beteken dus dat die metro uitgawes aangaan sonder die ooreenstemmende verkoopsinkomste – 'n tendens wat die finansiële volhoubaarheid van die waterdiens ondermyn.

Hoewel die metro se hoë vlak van nie-inkomstewater krisisafmetings aanneem, is dit tog belangrik om te onthou dat nie alle nie-inkomstewater neerkom op watervermorsing nie. Sowat 2% van die totale toevoer is ongefaktureerde gemagtigde gebruik, en is water wat onder meer gebruik word vir brandbestryding, munisipale gebruik en die uitspoel van toevoerpype. Dit is geldige gebruike, maar verklaar slegs 'n klein deel van die verskil tussen die water wat inkomste genereer en nie-inkomstewater.

Die oorblywende 44% is waterverlies. Dié verlies kan in twee kategorieë verdeel word, naamlik kommersiële en fisieke verlies:

- Sowat 9% wat waterverlies in die metro kan geklassifiseer word as kommersiële verlies – oftewel verlies weens onakkurate meters wat minder verbruik aanteken as wat werklik plaasvind, onwettige aansluitings en waterdiefstal. Hierdie water word wel gebruik, maar nie behoorlik verantwoord en gefaktureer nie.
- Nagenoeg 35%, oftewel meer as 'n derde van water in die metro se netwerk, is fisieke waterverlies. Dié syfer is aansienlik hoër as die internasionale standaard van minder as 15%. Fisieke waterverlies verwys na water wat verlore gaan as gevolg van lekkende en gebarste pype, reservoirs wat oorloop en lekkende munisipale aansluitings buite eiendomsgrense.

Die Tshwane-metro se kommunikasie oor die waterkrisis tref nie 'n duidelike onderskeid tussen water wat voorsien word en dit wat gebruik word of verlore gaan nie. Gevolglik word 'n bestuursprobleem as 'n verbruikersprobleem voorgehou.

Ja, inwoners kan inderdaad korter stort of minder tuin natmaak. Hulle kan egter nie 'n lekkende munisipale hoofpyp herstel, 'n reservoir se oorloop stop of die metro se instandhoudingspligte oorneem nie. Verantwoordelike gebruik is noodsaaklik, maar kan nie doeltreffende munisipale netwerkbestuur vervang nie. **N**

**Marais de Vaal, Omgewingsakeraadgewer by AfriForum*



'n Vlam het ruimte nodig

Padlangs

Alta Strauss

Ek sit met 'n groot vriend en praat groot kopstukke van die lewe. Ons praat vergeet en onthou. Ons praat vlam en ruimte.

'n Vlam het ruimte nodig om asem te haal. Ruimte nodig om te brand. Maar hierdie ruimte kan nie 'n leë plek wees nie, want 'n leë plek is 'n onveilige plek. 'n Leë plek is 'n bang plek, gevul met vrees. 'n Plek waar chaos heers.

Hierdie ruimte moet gevul wees met vertroue. Vertroue is geloof. Om oortuig te wees van die dinge wat ons hoop, seker te wees van die dinge wat ons nie sien nie. Dit maak vertroue nie naïef nie, maar gegrond. Gegrond in liefde. Gegrond in waarheid en verantwoordelikheid. 'n Ruimte met grense en 'n ruimte wat konsekwent is. 'n Ruimte wat veilig is. Waar 'n vlam kan brand, sonder om uitgedoof te word. Waar 'n vlam kan brand sonder om te verwoes en te vernietig.

'n Vlam wat betekenisvol brand. 'n Vlam wat kies om die waarheid te konfronteer. Aanspreeklikheid te aanvaar en verantwoordelikheid neem. Wat grootheid sien en nastreef en besef dat die vorming van jou toekoms in jou hande lê, soos die keuses wat jy maak, die besluite wat jy neem. Maar dit verg moed. Om te kies om nie weg te kyk wanneer iets moeilik is nie, maar om dit in deursettingsvermoë na te streef.

Dit is meer as aspirasie. Dit is aksie. Dit is meer as droom. Dit gee rigting, strategie en bestemming. En ek begin dink met al die oop ruimtes in my lewe. Ek begin dink aan al die oop ruimtes van die lewe. Waar is hierdie ruimtes? Wat maak ons elke dag daarmee?

Ek begin dink aan die ruimte in 'n verhouding. Verhouding met 'n lewensmaat, 'n kind, 'n vriend, 'n kollega. Leer ons ons kinders genoeg oor die ruimtes? Dat ruimtes nie leeg gelaat moet word nie, maar gevul moet word met wat goed en edel is? Ek dink aan al die ruimtes van vryheid. Is dit ruimtes van vryheid of engtes van ballingskap? Het die ruimtes opgerig, gebou of het die ruimtes afgebreek en vernietig? Want vryheid sonder grense is ballingskap, en is dit nie waar ons ons dikwels bevind nie? Ons sien dit selfs in die politiek. Ruimtes wat meer neem as gee.

Ek begin dink aan die ruimtes, die oop ure in 'n dag. Wat maak ek met daardie ruimtes? Skep ek in daardie ruimtes. Dra ek by of neem ek weg? Is die vul van die ruimte nie juis wat betekenisvolheid is nie? Is dit nie wat maak dat ons sommige mense onthou en ander vergeet nie? Dit wat hulle met hulle ruimtes gemaak het terwyl hulle geleef het en die ruimte wat hulle vir ander nagelaat het.

Was hulle ruimtes plekke waarin lewe was? Plekke wat lewegewend was? Of was dit plekke wat versmoor het? Was hulle ruimtes plekke waarin jy kon groei of waarin jy verwelk het? Was hulle ruimtes plekke waarin geskep is of verwoes is? Was hulle ruimtes doelloos of doelgerig? Was hul ruimtes plekke van duidelikheid waarin jy jouself kon vind of was dit doolhowe waarin jy ewig verdwaald was.

As iemand eendag langs jou grafsteen staan, wat sou hul sien as hulle daarna kyk? Net 'n naam? Net nog 'n naam, tussen 'n klomp ander name? Of was jy iemand wat vir iets gestaan het? Steeds staan? Iemand wie se ruimtes nie leeg nie, maar vol? Iemand se ruimtes wat soos woorde van lig was? Wat ewig dag en nag van mekaar in die harte van ander kon skei? Wat 'n nalatenskap gelaat het waarin ander kan leef, beweeg en bestaan? Kan skep?

Want dit is wat liefde doen. Dit is wat Liefde doen. Dit is wat God doen. Van die begin af doen. Steeds doen. Die aarde was woes en leeg. Duisternis op die wêreldvloed. En sy Gees het op die waters gesweef. Die ruimte was nie leeg nie. En Hy het gesê: Laat daar lig wees! Die ruimte was nie leeg nie, maar lig. Die lig was goed en God het skeiding gebring tussen lig en duisternis. En so het God die aarde en alles daarin geskep, en aan ons die Woord, sy Seun, sy Gees gegee. Aan ons hierdie ruimte nagelaat. Nie as weeskinders nie, maar met 'n Helper. Wat is dit wat ons met hierdie ruimte maak?

Ek sal vir altyd anders na ruimtes kyk. Want 'n vlam het ruimte nodig om asem te haal. Ruimte nodig om te brand. Maar hierdie ruimte kan nie 'n leë plek wees nie, want 'n leë plek is 'n onveilige plek. 'n Leë plek is 'n bang plek, gevul met vrees. 'n Plek waar chaos heers.

En my gedagtes sluit af met die woorde van NP van Wyk Louw: "Dan weet ek het jou hand my jeug se oopgelate kring voltooi: mooi is die lewe en die dood is mooi." N

**Alta Strauss is breinprofielpraktisyn, motiveringspreker en skrywer.*

Weelde op wiele

PRETORIA HISTORIA
Riana Mulder

Pretoria, synde die hoofstad, was op die roete van elke belangrike besoeker aan die land, en het dikwels gasheer gespeel vir konings en koninginne, prinse en prinsesse, leiers van ander lande en ander beroemdes. By sulke geleenthede was die hele stad gewoonlik getooi in liggies, blomme en linte, en geen moeite is ontsien om die belangrike besoekers op die hande te dra nie.

Veral koninklikes het ook in groot swier gereis, meestal in treine wat spesiaal vir hulle gerief ingerig was. Die Hertog van Connaught het byvoorbeeld die Uniegebou se hoeksteen in 1910 gelê, en hy het ook die eerste sitting van die nuwe Unieparlement geopen. Hy was 'n kleinseun van Koningin Victoria, en het by die geleentheid die nuwe Britse koning, George V, verteenwoordig.

Vir die toer het die SA Spoorweë 'n spesiale trein van 11 waens beskikbaar gestel, waarmee die koninklike geselskap deur die hele land, en ook deur die destydse Suid-Rhodesië, gereis het. 'n Spoorwegwerker het later vertel dat die hertog se dogter, Prinses Patricia, se enigste klagte was dat die beddens te kort was, want sy het gesukkel om haar voete in die nag toe te hou!

Hierdie koninklike trein, net soos lateres, was ook vergesel van 'n loodstrein voor, en 'n noodtrein, wat 30 minute later op dieselfde roete gevolg het, en wat o.a. die melkkoeie gehuisves het wat melk verskaf het vir die koninklike spyseniering.

Lede van die media kon darem in die voorste loodstrein reis ...

Prins George het Pretoria ook op 16 Maart 1934 besoek as deel van sy toer deur die suide van Afrika. Daar was ook 'n hele paar ander koninklike besoeke deur die jare.

Die grootste en belangrikste besoek was egter dié van Koning George VI en koningin Elizabeth (later bekend as die Koninginmoeder) wat Suid-Afrika in 1947 saam met die prinsesse Elizabeth en Margaret besoek het. In Pretoria is hulle aan die einde van Maart 1947 o.a. in die stadsaal met 'n formele dinee onthaal. Die stad was weereens uitgevat, oud-soldate het 'n erewag gevorm waardeur die koninklike voertuie gery het, en die stadsaal was so pragtig met blomme versier dat dit die koninklike asems weggeslaan het.

Ouma Smuts, premier Jan Smuts se Isie, was nie een vir groot vertoon nie, en het daarop aangedring om die koninklike gesin by haar eie huis ('n sinkhuis van militêre oorsprong op hulle plaas by Irene) te onthaal. Hulle het die besoek blykbaar so geniet dat selfs die koningin later na haar as Ouma Smuts verwys het!

Ook tydens hierdie toer was 'n spesiale trein hulle woning vir die ongeveer drie maande wat die reis geduur het. Die agt luukse waens was roomwit geverf en het lugversorging gehad.

Een van die joernaliste het later onthou hoe die gesin dikwels saans uitgeklim en in ontspanne luim langs die spoorlyn gestap, en met almal om hulle gesels het. Veral Prinses Elizabeth was altyd stylvol en sjarmant, en gereed met 'n glimlag vir almal. (Op 21 April 1947 het sy haar 21ste verjaardag in Kaapstad gevier).

Daar is egter min treine ter wêreld so luuks soos ons eie Bloutrein. Die trein, wat in die 1920's eintlik as twee aparte treine ontstaan het, word gereken as die gelyke van die beroemde Orient Express.

Met die ontdekking van goud aan die Witwatersrand het buitelanders die land ingestroom op soek na 'n manier om vinnig ryk te raak. Baie van hulle het ook daarin geslaag, en so het 'n nuwe elite ontstaan wat gou gewoond geraak het aan al die gerief wat te veel geld kan bring. 'n Vinnige trein, genoem die Union Express, is in 1923 in gebruik geneem op die roete noord uit Kaapstad, en die Union Limited het die suidwaartse roete hanteer. Die twee treine het passasiers wat op die Union Castle-stoomskip vanuit Southampton in Kaapstad aangekom het, ontmoet en na die goudvelde by Johannesburg en Pretoria vervoer.

Die oorspronklike treinwaens was van hout. Binne was daar elke gerief denkbaar: warm en koue water, baddens en storte, dakwaaiers en kaarttafels: elke luuksheid waaraan die rykes van die 1920's tipies gewoond was. In 1933 het die Union Express 'n elegante eetsaal bygekry. In 1937 is die waens met staalwaens vervang wat 'n deftige blou kleur geverf was. Teen 1939 het die treine ook lugversorging geïnstalleer.

Tydens die Tweede Wêreldoorlog is die treindiens opgeskort, en toe dit in 1946 amptelik hervat is, is die trein ook amptelik herdoop na die Blou Trein. Sedertdien is dit 'n groot toeriste-aantreklikheid waarvoor buitelandse toeriste 'n fortuin betaal (die meeste Suid-Afrikaners kan dit nie meer bekostig nie; ons lees maar in boeke en tydskrifte daarvan)..N



Die koningsgesin drink tee by Ouma Smuts op Doornkloof. Prinses Elizabeth is links agter, en haar suster Margaret regs. Die koning en koningin sit weerskante van mev. Smuts. [Foto: http://the-history-girls.blogspot.com/2012/05/royal-tour-1947-dianne-hofmeyr.html]



'n Advertensie vir die Blou Trein, Huisgenoot 17 Julie 1970

**Mulder is die redakteur van Pretoria Historia wat gelees kan word by www.pretoriahistoria.com*

** Uittreksel met aanpassings uit Deur dik en dun – lekker kos en stories uit ou Pretoria deur Riana Mulder*

Die Boekeblad met Graffiti Boeke

Nuut op die rak



Een vir een

– Irma Venter

R360, Tafelberg

'n Hittegolf verswelg die Kaap en gemoedere loop hoog.

Misdaadverslaggewer Ami Prinsloo is na die Kaapstadse nuuskantoor verban nadat sy kwansuis drooggemaak het in Gauteng. Hier moet sy haar spore van voor af verdien – veral teenoor die onverbiddelike redakteur, Greta Fischer. Wanneer jong rugbyspelers en hul ouers tydens 'n skoolwedstryd handgemeen raak, rapporteer Ami nie net die nuus nie, maar word sy ook 'n ooggetuie toe 'n vuisgeveg skrikwekkende gevolge het.

'n Veertienjarige seun verloor sy pa. Terwyl sy ondersoek instel na die rede vir die bakleiery, ontbloot sy 'n geheim wat haar bloed laat kook. Sy kan nie onbetrokke bly nie, al jaag dit sersant Lukas van Onselen die harnas in en al waarsku Fischer haar om nie haar eie kop te volg nie. Soos die gevolge van hierdie één insident uitkring, besef Ami net weer: Geen misdaad bestaan ooit in isolasie nie. En dan begin die domino's een vir een val ...

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za


Word stil met God

– Joyce Meyer

R320, LUX VERBI

Jy kan nie beheer wat in die dag met jou gebeur nie, maar jy kan daaraan werk om jou gedagtes, woorde, emosies en aksies te belyn met die manier hoe God wil hê jy moet leef.

Hierdie 365 dagstukkies van Joyce Meyer stel jou in staat om in God se waarheid en woorde geanker te bly. Elke dag is propvol van Joyce se wysheid en vers inspirasie en is aangevul met 'n Skrifgedeelte en gebed, sodat jy met vreugde, vrede en deernis deur die dag kan gaan.



Bestel dit aanl yn by
www.graffitibooks.co.za

Ouma Mollie op die plaas

– Fanie Viljoen;
illustreerder – Johann Strauss

R190, Lapa


"Niemand boer met walvisse in die Vrystaat nie."

Haar naam is Mollewania Mollewiekus Nagtegaal.

Maar jy kan haar sommer net ouma Mollie noem – die grootste moeilikheidmaker op Seeperdjiebaai ... Of dalk nie vir lank nie.

Ouma Mollie wil nou op 'n plaas gaan bly saam met haar sussie, tannie Kietie.

Maar die moeilikheid volg ouma Mollie waar sy gaan.
- Sy verloor haar valstande.
- Sy probeer 'n koei melk.
- Dinge loop verder skeef toe 'n windpomp haar gryp.
- O ja, en dan is daar die probleem met die walvis op die plaas ...



Gelukkig is Nina, Simon en Blapsie daar om te help. Maar sal hulle dit hierdie keer regkry?

Bestel dit aanl yn by
www.graffitibooks.co.za

TOPVERKOPERS

Hier is die week se topverkopers:

10	***Ouma Mollie op die plaas*** – Fanie Viljoen
9	***'n Leeu in 'n lugballon*** – Daniëlla van Heerden
8	***Ingekluis*** – Tertius Janse van Rensburg
7	***Bollie Wollie & die nag voor Kersfees*** – Elize Parker
6	***Anderkant die water*** – Ronel du Plessis
5	***Op lig*** – Thilde Nel
4	***Een vir een*** – Irma Venter
3	***Swerwerskraal*** – Keina Swart
2	***Goedheid en guns*** – Sophia Kapp
1	***Die seun wat bly leef het*** – Jacques Papenfus

Wen 'n R300-Graffiti-geskenkbewys

3 Lesers kan elkeen 'n R300-Graffiti-geskenk-bewys wen.

Al wat jy hoef te doen om vir die prys in aanmerking te kom, is om die volgende vraag te beantwoord:

Wie het Ouma Mollie op die plaas geskryf?

Whatsapp jou antwoord saam met jou **naam** en **volledige** adres na **072 386 5997**.
Inskrywings sluit Maandag 23 November 2026.

Die wenner sal lukraak gekies word en in volgende week se *Nuusweek* aangekondig word.

Die pryswenner se boeke sal deur Graffiti versend word en alle navrae moet direk aan Graffiti gerig word by info@graffitibooks.co.za

Wenners van 13 Nov 2026 se boekekompetisie is:
Gerda Scholtz
Elna Lyons
Larisa van Heerden

Al hierdie boeke sowel as ander nuwe vrystellings en topverkopers is nou beskikbaar by www.graffitiboeke.co.za teen 10% afslag.
Om te kwalifiseer vir ekstra 10% afslag, tik die kodewoord **PTAFM** *in wanneer jy jou bestelling plaas.*

’n Wêreld sonder suurstof

7VOOR7

Ds. Willem Sauer
NHK Waterberg

Kan jy jouself ’n wêreld sonder suurstof voorstel? Dit is tog absoluut ondenkbaar. Alle lewende wesens het suurstof nodig, of dit ’n wurm, ’n olifant, ’n voël, ’n vis of ’n mens is. Ons almal het dit nodig en tog hoef ons dit nie eers te maak nie. Suurstof is maar net hier oral om ons. In die nag wanneer jy slaap, produseer blare en groen alge genoeg suurstof vir elke lewende wese.

En ons, ons aanvaar suurstof maar as iets wat net daar moet wees.

Dit is eers as jy die dag nie asem kry nie, wanneer jy suurstof nodig het en jy sukkel om dit in jou longe te kry, dat jy besef hoe verskriklik belangrik suurstof is.

Net soos suurstof, is ook die genade van God.

Ons aanvaar dit as vanselfsprekend.

Dit is eers as iets waaraan jy gewoond was van jou weggeneem is, dat jy besef wat jy eintlik gehad het.

Soos byvoorbeeld jou gesondheid. Of soos in my geval, om te kan loop.

Dit is baie maal eers wanneer ons deur beproewinge gaan dat ons besef hoe baie ons God se genade nodig het.

Paulus het iets gehad wat vir hom erg was. ’n Sware las wat hy moes dra. Wat dit ook al was, dit het gevoel asof hy deur die duiwel met die vuis geslaan is. Ons lees in 2 Korintiërs van vers 7 af dat Paulus sê: “... Daar [is] vir my ’n doring in die vlees gegee, ’n boodskapper van Satan om my met vuiste te slaan. Drie maal het ek die Here gebid dat dit van my af weggeneem moet word.”

Solank hy op die doring konsentreer, vergeet hy van God se genade, wat sonder verdienste vir ons gegee word.

Want hoor hoe antwoord God hom: “Sy antwoord was: ‘My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.’”

Ons lees in Klaagliedere 3: 22 ook: “[D]eur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan sy ontferming nie, dit is elke môre nuut.”

So groot is sy genade. Dit is elke dag nuut. Dit is daar soos suurstof. Hy gee dit, sonder dat jy dit verdien.**N**

#vrydagfeite

Argeoloë het oor die jare al sowat 4 400 menslike breine gevind, sommige tót 12 000 jaar oud. In party gevalle was die brein die enigste sagte deel van die liggaam wat behoue gebly het. Wetenskaplikes dink hulle weet uiteindelik hoekom. Baie van die breine is gevind in plekke waar dit nat is, maar waar daar min suurstof is, soos rivierbeddings, skeepswrakke en grotte. Suurstof help gewoonlik om breinweefsel af te breek. As daar nie suurstof is nie, smelt die proteïene in die brein saam en verhard. Op dié manier bly die brein eeue lank behoue. Vir die navorsing het die span 72 dooie muise begrawe. Dié wat in nat plekke met min suurstof begrawe is, se brein het ná ses maande stadiger afgebreek. Wetenskaplikes gaan nou die proses bestudeer om beter te verstaan hoe die brein verouder, asook hoe siektes soos Alzheimers die brein aantas. **N**



VANDAG IN DIE VERLEDE

Albe Grobbelaar

Op 20 November 1917 tydens die Eerste Wêreldoorlog word tenks vir die heel eerste keer op groot skaal in ’n veldslag by Cambrai in Frankryk gebruik. Dit lui ’n nuwe era in militêre oorlogvoering in.

Die skryfster Nadine Gordimer is vandag in 1923 in Springs aan die Oos-Rand gebore. Sy sou internasionale erkenning verwerf vir haar romans en kortverhale oor apartheid en die menslike gevolge van politieke onderdrukking. Sy het in 1991 Suid-Afrika se eerste Nobelpryswenner vir Letterkunde geword.

Op 20 November 1947 trou prinses Elizabeth, die toekomstige koningin Elizabeth II, met Philip Mountbatten in die Westminster-abdy in Londen. Die huwelik sou meer as 73 jaar duur tot met Philip se dood in 2021.

Vandag in 1959 het die Verenigde Nasies die Verklaring van die Regte van die Kind aanvaar, ’n belangrike stap in die internasionale beskerming van kinders.

Die Spaanse diktator genl. Francisco Franco sterf vandag in 1975 op 82-jarige ouderdom in Madrid. Sy dood bring ’n einde aan byna vier dekades van outoritêre bewind in Spanje en baan die weg vir die land se oorgang na demokrasie.

En in 1985 stel Microsoft sy eerste Windows-bedryfstelsel, Windows 1.0, bekend. Dit was die begin van ’n sagteware-ontwikkeling wat die manier waarop miljoene mense rekenaars gebruik, ingrypend sou verander. **N**



Nadine Gordimer



Koningin Elizabeth II en Philip Mountbatten



Windows 1985

Bitcoin (JSE – BTC)

Die daaglikse lyngrafiek het betrekking.



Agtergrond

Bitcoin is die bekende kryptogeldeenheid.

Kernbevinding

Die stogastiese indikator wys 'n positiewe tegniese afwyking – dit kan dalk die voorloper wees van 'n moontlike herstellopie.

Die watervalformasie (moontlik positief) wys dat markdeelnemers steeds baie pessimisties is.

Die naaldekoker-kantelkers (moontlik positief) bevestig dat dapper markdeelnemers die area rondom 66061 en 62026 as belangrik beskou.

Bo lyn A (66061) kan optimisme onder markdeelnemers dalk sterker word.

Indien momentum na bo aan die gang kom bo lyn A, kan 74128 'n tegniese verwysingsvlak wees.

Onder 63281 kan die grafiek verdere swakheid toon en dalk die volgende vlakke toets: 62954, 62676, 62112, 61783, 61333, 60878, 60588 en 60000.

Korttermyn- tegniese opinie – bo lyn A (66061) kan die grafiek tekens begin deurgee dat marksentiment jeens die aandeel aan die verbeter is, en dalk kan die bogenoemde tegniese scenario begin ontwikkel soos op die grafiek aangedui, maar onder 63281 kan ons aanneem dat die grafiek weer verder kan teleurstel en bogenoemde beskrywing nietig maak.

Ignoreer die instrument onder 63281.

Moontlike vlakke na bo is: 66120, 66541, 66920, 67000, 67120, 67349, 67560, 67888, 68000, 68440, 68756, 69000, 69230, 69549, 69821, 70120, 70458, 70912, 71310, 71498, 72434, 72899, 73438, 73871 en 74128.

Medium- tot langtermyn- tegniese opinie – tegniese opinie: Die medium- tot langtermyn- tegniese prentjie behoort saam met die korttermyn- tegniese waarnemings geïnterpreteer te word. Die 50-dag- bewegende gemiddeld (rooi lyn – 78527) word dikwels as 'n maatstaf van sentiment vir die medium tot lang termyn gebruik. Prysbewegings onder die gemiddeld word soms met versigtigheid geassosieer, terwyl bewegings bo die gemiddeld dikwels as 'n teken van verbeterende sentiment beskou word.

Opsomming en Gevolgtrekking

Marksentiment kan bo lyn A verbeter, maar onder 63281 kan die grafiek verder teleurstel, en bogenoemde tegniese scenario onhaalbaar maak.

Vrywaring

Opinies rondom markte loop met bepaalde markrisiko's. Raadpleeg u beleggings-adviseur voordat u beleggingsbesluite neem. Hierdie tegniese opinie is die tegniese ontleder se eie opinie en moet geensins geag word as finansiële advies nie.

Nuusweek en Pretoria FM aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige uitkoms wat voortspruit uit hierdie inligting nie.

Frans de Klerk
Onafhanklike tegniese ontleder verbonde aan
fransdeklerk.com
Tel: 082 900 9996



Bekom vandag nog jou droompos op www.solidariteit.co.za. Met meer as 700 poste beskikbaar per dag, is hierdie jou eenstopplatform vir werk – in Afrikaans!

Klik op pos vir meer info

Administrasie

Property Leasing Administrator - Cora O Neil Recruitment Agency | Lynnwood, Pretoria|Sluitingsdatum: 26/11/2026

Office admin - Honeyfields | Lyttelton Manor, Centurion|Sluitingsdatum: 27/11/2026

Distrikskoördineerder: Karoo - AfriForum | Kathu|Sluitingsdatum: 27/11/2026

PR en Menslike Hulpbronne Bestuurder - Staffworx | Montana, Pretoria Noord|Sluitingsdatum: 27/11/2026

Admin en Ontvangs (Pretoria Oos)- J and A Admin | Pretoria|Sluitingsdatum: 27/11/2026

Ambag

Workshop Manager/Diesel Mechanic - ottoBauthentic | Pretoria|Sluitingsdatum: 27/11/2026

Au Pair

Au Pair - ABC AU PAIRS | Pretoria|Sluitingsdatum: 27/11/2026

Au Pair - ABC AU PAIRS | Pretoria|Sluitingsdatum: 27/11/2026

Au Pair - ABC AU PAIRS | Pretoria|Sluitingsdatum: 27/11/2026

Bestuursposte

Batebestuurder - Orffer & Van der Merwe Menslike Hulpbron Praktisyn | Upington |Sluitingsdatum: 23/11/2026

Groceries Manager - Lyttelton Superspar | Centurion |Sluitingsdatum: 23/11/2026

Sitrus Pakhuis Bestuurder - Staffworx | Mpumalanga |Sluitingsdatum: 27/11/2026

Finansies

SAIPA- of CIMA-artikels- The Recruitment People | Centurion |Sluitingsdatum: 23/11/2026 Skakel: aanlyn.solidariteit.co.za/url-s/VbCr2ml

Finansiële Assessor - Confluent | Pinelands, Cape Town |Sluitingsdatum: 25/11/2026

Finansies- en Administrasiekoördineerder - TAT Enterprises | Pomona, Kempton Park|Sluitingsdatum: 26/11/2026

Legal Bookkeeper - Cora O Neil Recruitment Agency | Menlo Park, Pretoria|Sluitingsdatum: 26/11/2026

Senior Credit Risk Advisor - Cora O Neil Recruitment Agency | Sunninghill, Johannesburg|Sluitingsdatum: 27/11/2026

Elektriese bou-rekenaar - Mega Volt Loden Elektries | Pretoria|Sluitingsdatum: 27/11/2026

IT

Intermediate Business Analyst - Juru Holdings | Stellenbosch |Sluitingsdatum: 25/11/2026

IT Network Technician - Cora O Neil Recruitment Agency | Pullens Hope (Hendrina area), Mpumalanga|Sluitingsdatum: 25/11/2026

Mid-Level Web Developer – Cape Town-HR-Simplified | Cape Town|Sluitingsdatum: 27/11/2026

Litigasie Sekretaresse

Paralegal / Senior Litigasie Assistent - Cora O Neil Recruitment Agency | Faerie Glen, Pretoria|Sluitingsdatum: 25/11/2026

Litigasie Sekretaresse - Cora O Neil Recruitment Agency | Lynnwood, Pretoria|Sluitingsdatum: 26/11/2026

Litigasie Tikster - Cora O Neil Recruitment Agency | Brooklyn, Pretoria|Sluitingsdatum: 26/11/2026

Conveyancing Bonds Secretary - Cora O Neil Recruitment Agency | Northcliff, Johannesburg|Sluitingsdatum: 27/11/2026

Senior Litigation Assistant / Paralegal - Cora O Neil Recruitment Agency | Pretoria |Sluitingsdatum: 27/11/2026

Operateurs en Logistiek

Vurkhyseroperateur - Chemvet Staal & Omheining | Germiston|Sluitingsdatum: 27/11/2026

Projekbestuur

Kontrak Spesialis - At Ease Recruitment | Mbombela|Sluitingsdatum: 22/11/2026

Events Project Manager - Cora O Neil Recruitment Agency | Brooklyn, Pretoria|Sluitingsdatum: 26/11/2026

Regslui

Conveyancing Attorney - Cora O Neil Recruitment Agency | Hoedspruit, Limpopo|Sluitingsdatum: 26/11/2026

Junior Attorney (Litigation & Family Law) - Cora O Neil Recruitment Agency | Lynnwood, Pretoria|Sluitingsdatum: 26/11/2026

Junior Prokureur (Litigasie & Skuldinvordering) - Cora O Neil Recruitment Agency | Colbyn, Pretoria|Sluitingsdatum: 26/11/2026

Aktevervaardiger - Cora O Neil Recruitment Agency | Nieuw Muckleneuk, Pretoria|Sluitingsdatum: 26/11/2026

Legal Cost Consultant (Admitted Attorney) - Cora O Neil Recruitment Agency | Pretoria|Sluitingsdatum: 27/11/2026

Debt Collection Attorney - Cora O Neil Recruitment Agency | Edenvale|Sluitingsdatum: 27/11/2026

Tuisversorger

AFRIKAANS-SPREKENDE VERSORGER - MET BAIE LIEFDE TUISTE | Pretoria|Sluitingsdatum: 27/11/2026

Verkope

INTERNE VERKOPE VAKATURE (INTERNAL SALES) - TAT Enterprises | Pomona, Kempton Park|Sluitingsdatum: 25/11/2026

New Business Development Consultant - ottoBauthentic | Goodwood, Cape Town|Sluitingsdatum: 27/11/2026

Verkoops Verteenwoordiger - Instruweld cc | Honeydew, Roodepoort|Sluitingsdatum: 27/11/2026

Tuisversorger

GEREGISTREERDE VERPLEEGKUNDIGE - MET BAIE LIEFDE TUISTE | Pretoria|Sluitingsdatum: 27/11/2026



Sportberigte saamgestel deur Liezil van der Schyff



Rassie klap steeds die sweep

Eben Etzebeth 148 toetswedstryde

Die Springbok-hoofafrigter, dr. Rassie Erasmus, het voor sy skorsing van ses internasionale wedstryde van krag word, vyf veranderinge aan die beginspan en sewe aan die plaasvervangersbank aangekondig vir môre se deurslaggewende Nasieskampioenskap-kragmeting teen Ierland in Dublin.

Die veteraan-slot Eben Etzebeth keer terug om sy rekord as die mees ervare Springbok ooit na 148 toetswedstryde te verbeter, met Ruan Nortjé langs hom. Cameron Hanekom sluit aan by Siya Kolisi en Pieter-Steph du Toit in die losvoorspelertrio, terwyl Ox Nché, Malcolm Marx en Wilco Louw in die voorry sal sak.

Erasmus het dieselfde agterlyn gekies as verlede naweek teen Frankryk. Boonop draf Jesse Kriel en Marx elkeen vir hul 97ste toets in die groen-en-goud uit.

Erasmus het op 'n 6-2-voorspeler-agterspeler-verdeling op die plaasvervangersbank besluit.

Ná verlede Vrydag se teleurstellende nederlaag teen Frankryk het Erasmus die behoefte aan 'n volgehoue vertoning oor 80 minute beklemtoon, aangesien Suid-Afrika en Ierland albei meeding om 'n plek in volgende naweek se eindstryde.

Intussen is die staatmaker-agsteman, Jasper Wiese, vir vier weke geskors nadat hy met 'n rooi kaart tydens die kragmeting teen Frankryk gestraf is.

Die 31-jarige Wiese het aanvanklik 'n geel kaart ontvang ná 'n gevaarlike duikslag op die Franse senter Kalvin Gourgues. Die voorval is egter na die bunker verwys, waarna die kaart tot 'n 20-minuut-rooikaart aangepas is.

'n Dissiplinêre komitee het bevind dat Wiese die reël oortree het wat kontak bo 'n teenstander se skouers by 'n losgemaal verbied. Sy oortreding is as 'n middelvlak-oortreding geklassifiseer.

Die skorsing kan moontlik tot drie weke verminder word indien hy Wêreldrugby se afrigtingsintervensieprogram suksesvol aflê. Hy sal egter minstens die Springbokke se toets teen Ierland in Dublin, asook die laaste naweek van die Nasieskampioenskap op Twickenham misloop.

Springbokspan teen Ierland:
1 Ox Nché, 2 Malcolm Marx, 3 Wilco Louw, 4 Eben Etzebeth, 5 Ruan Nortjé, 6 Siya Kolisi (k), 7 Pieter-Steph du Toit, 8 Cameron Hanekom, 9 Morné van den Berg, 10 Sacha Feinberg-Mngomezulu, 11 Ethan Hooker, 12 Damian de Allende, 13 Jesse Kriel, 14 Kurt-Lee Arendse, 15 Damian Willemse

Plaasvervangers: 16 Jan-Hendrik Wessels, 17 Gerhard Steenekamp, 18 Thomas du Toit, 19 Lood de Jager, 20 Paul de Villiers, 21 Marco van Staden, 22 Grant Williams, 23 Canan Moodie

Afskoptyd môreaand is om 18:40.

Volledige Nasiebekerbepalings:

Saterdag, 21 November

16:10 Skotland teen Japan

16:10 Engeland teen Nieu-Seeland

18:40 Ierland teen Suid-Afrika

18:40 Italië teen Fidji

16:40 Wallis teen Australië

22:10 Frankryk teen Argentinië

Gemengde reaksie oor Rassie se Wêreldrugby-skorsing



Die Internasionale rugbygemeenskap het uiteenlopend gereageer op die Springbokbreier, dr. Rassie Erasmus, se skorsing ná sy openbare kritiek op wedstrydbeamptes. Die skorsing is onmiddellik van krag en duur vir ses internasionale wedstryde.

Dié sanksie volg nadat Erasmus die beoordeling van beamptes tydens die Springbokke se naelskraapse nederlaag van 21-19 teen Frankryk in Parys verlede week bevraagteken het.

Tydens 'n mediakonferensie waarin hy die span vir môre se Nasieskampioenskap-kragmeting teen Ierland aangekondig het, het Erasmus veral die televisie-wedstrydbeampte, Matteo Liperini, gekritiseer.

Hy het beweer dat Frankryk se spelers 17 keer met hul knieë op die grond gestut in duikslae ingegaan het sonder dat daar teen hulle opgetree is. Volgens Erasmus het 11 van dié voorvalle strafskoppe verdien, terwyl drie moontlik geelkaartoortredings was.

Wêreldrugby beskou Erasmus se uitsprake as ernstige wangedrag.

Erasmus sal gevolglik die res van die Nasieskampioenskap misloop, asook die eerste vier wedstryde van die Springbokke se internasionale seisoen in 2027.

Dit is nie die eerste keer dat Erasmus weens openbare kritiek op wedstrydbeamptes deur Wêreldrugby gestraf word nie. Hy is in 2021 vir tien maande geskors nadat hy die Australiese skeidsregter Nic Berry se vertoning tydens die eerste toets tussen die Springbokke en die Britse en Ierse Leeus ontleed het in 'n video wat op sosiale media geplaas is. Hy is die daaropvolgende jaar ook vir twee wedstryde geskors ná opmerkings oor die Engelse skeidsregter Wayne Barnes.

Dit is dus Erasmus se derde dissiplinêre sanksie in verband met sy openbare kommentaar oor wedstrydbeamptes.


SA Rugby het intussen versoek dat 'n volledige dissiplinêre verhoor gehou word waarin Erasmus se skorsing betwis sal.

Vir die tydperk van sy skorsing mag hy geen rol op wedstryddae vervul nie, maar hy mag steeds tussen wedstryde by spanbedrywighede en afrigting betrokke wees.

Erasmus het op sy beurt op sy X-platform gereageer en Bok-ondersteuners genooi om die kragmeting teen Ierland aanlyn saam met hom te kyk. Hierdie inisiatief word nie met die Springbokke of SA Rugby verbind nie.

"Ek kan sit en kla, of die beste van die situasie maak. Ek gaan die wedstryd by die hotel kyk. Ek is nie juis lus om alleen te kyk nie. Kom ons probeer dit dus en hoop ek kry die tegnologie om saam te werk – met die TV aan, my skootrekenaar se kamera aan, en julle is welkom om saam te kyk," het hy geskryf.

Klik hier om saam met Erasmus na die kragmeting teen Ierland te kyk by watchwithrassie.com of teken in op die YouTube-kanaal wat hy spesiaal vir die kragmeting geskep het **hier**





Nog ’n swemmer klim uit SA swembad

Nog ’n Suid-Afrikaanse Olimpiese swemmer het besluit om voortaan ’n ander land op internasionale vlak te verteenwoordig. Rebecca Meder sal haar swemloopbaan onder die Nieu-Seelandse vlag voortsit. Dit volg kort nadat die Olimpiese kampioen Tatjana Smith aangekondig het dat sy voortaan vir Nederland gaan verteenwoordig, terwyl Matthew Sates planne het om vir Australië te swem.

Smith het in reaksie hierop uitgewys dat drie van die agt swemmers wat Suid-Afrika by die 2024 Olimpiese Spele in Parys verteenwoordig het, nou besluit het om hul sportloopbane onder ’n ander land se vlag voort te sit. Sy meen dié tendens behoort vrae te laat ontstaan oor die ondersteuning en omstandighede wat Suid-Afrikaanse atlete op eie bodem ervaar.

Meder woon sedert Augustus 2023 in Nieu-Seeland, waar sy onder Graham Hill, die land se nasionale afrigter, by die North Shore-Swemblub oefen. Sy is ’n 14-malige Afrika-kampioen en het tydens die 2026 Statebondspele twee bronsmedaljes in aflositems verower.

Volgens Meder was haar besluit persoonlik en iets waaroor sy die afgelope agt maande besin het. Sy sê sy het ná die Statebondspele besluit om haar hoofstuk saam met die Suid-Afrikaanse span af te sluit. Die tydperk wat sy nie aan internasionale kompetisies deelneem nie, het op 30 Julie 2026 begin, wat beteken dat sy minstens ’n jaar daarna eers vir Nieu-Seeland sal kan verteenwoordig. Sy sal dus nie al tydens volgende jaar se Wêreldkampioenskap haar nuwe land kan verteenwoordig nie.

Voorts is die 24-jarige Meder besig om Nieu-Seelandse burgerskap te bekom. Anders as Smith en Sates, wat albei kommer oor die finansiële ondersteuning van Suid-Afrikaanse swemmers uitgespreek het, het sy nie finansiële uitdagings as rede vir haar besluit genoem nie.

By die Olimpiese Spele in Parys het Meder ’n 11de plek in die 200 meter- individuele wisselslag behaal, waar sy ook ’n nuwe Suid-Afrikaanse rekord van 2:10.67 in die halfeindrondte opgestel het. Sy het die item by die 2025 wêreld kampioenskappe in die 10de plek afgesluit.

Intussen het die minister van Sport, Kuns en Kultuur, Gayton McKenzie, vroeër vandeesweek tydens ’n mediakonferensie by die parlement ’n openbare verskoning aan Smith gerig oor die manier waarop sy deur haar eie federasie hanteer is.

McKenzie het bevestig dat hy die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee (Sascoc) versoek het om ’n volledige ondersoek na Swem Suid-Afrika (SSA) se bestuur en finansiële sake te doen. Hy wil onder meer hê dat die federasie se borgskapooreenkoms met Arena, boetes wat aan swemmers opgelê is, asook die hantering van prysgeld ondersoek moet word. Die besteding aan die Franschhoek-hoëprestasiesentrum en tekortkominge in die federasie se grondwet is ook onder die loep.

Intussen is die president van SSA, Alan Fritz, en uitvoerende hoof, Shaun Adriaanse, in Augustus 2026 voorlopig deur die integriteitseenheid van World Aquatics geskors te midde van ’n integriteitsondersoek.

Volgens McKenzie is Smith ná ’n borgskapgeskil tydens die 2023 Wêreldkampioenskap in Japan onregverdig behandel. Sy het destyds in haar persoonlike borg se swemdrag deelgeneem en goud in die 200 meter-borsslag en silwer in die 100 meter-borsslag verower.

Die federasie het haar daarna ’n boete van €46 000 opgelê en haar prysgeld van $35 000 teruggehou. Smith moes uiteindelik regsverteenwoordiging bekom om haar prysgeld van die federasie te verhaal. Die geld is later betaal, met die rente wat eers daarna vereffen is.

McKenzie sê daar is ook bewerings dat Smith nie die federasie oor haar borgskapsake geraadpleeg het nie. Hy het egter dokumente wat volgens hom bewys dat sy vooraf skriftelik toestemming by Sascoc verkry het om tydens die Olimpiese Spele in Parys haar persoonlike borg se swemdrag en toerusting te gebruik.

Volgens McKenzie stuur dit ’n gevaarlike boodskap aan atlete dat hulle eerder moet stilbly wanneer hulle onregverdig behandel word.



Rebecca Meder



Rayno se derde in ’n ry

Die Suid-Afrikaanse kragman Rayno Nel het verlede naweek geskiedenis gemaak deur sy titel as Strongman Champions League- (SCL-)wêreldkampioen vir 2026 suksesvol te verdedig en daarmee saam sy derde agtereenvolgende wêreldtitel in te palm. Die 31-jarige boorling van Upington het voor sy tuisskare ’n indrukwekkende vertoning gelewer.

Nel het daarin geslaag om in die Noord-Kaap se bloedige hitte ses van die nege items wat oor drie dae aangebied is, te wen. Hy het boonop in die oorblywende drie items onder die topvyf geëindig en ’n nuwe Afrikarekord in die dooiegewigoptel (deadlift) opgestel met ’n indrukwekkende 460 kg. Voorts het hy sy eie wêreldrekord in die Africa Stone Carry-item verbeter deur die steen wat 180 kg weeg 82,85 m ver te dra. Hy het die vorige rekord met sowat 2,85 m oortref. Sy algehele telling van 124,5 punte was genoeg om aan hom die kampioenskapstitel te besorg.

Evans Nana van Ghana het met ’n sterk en konsekwente vertoning die tweede plek behaal, terwyl Kevin Hazeleger van Nederland die laaste plek op die podium syne gemaak het.

Strongman Champions League-punteleer

1. Rayno Nel – 124,5
2. Evans Nana – 102
3. Kevin Hazeleger – 99,5
4. Austin Hamm – 86.5
5. Jan Lacina – 85
6. Adam Roszkowski – 80
7. Patrick Eibel – 78
8. Andrew Langelaar – 74,5
9. Jesper Hansson – 71,5
10. Tristain Hoath – 70,5
11. Péter Juhász – 65
12. Oleh Pylypiak – 43
13. Gianluca Ardenghi – 43
14. David Bezuidenhout – 20



Wêreldklas gimnastiek in Gauteng

Gimnastiekliefhebbers kan uitsien na 'n spesiale dag van eersteklas gimnastiek wanneer die Elevate Africa Showcase op Sondag 22 November by die Nasionale Opleidingsentrum in Eldoraigne in Centurion plaasvind.

Die Amerikaanse Olimpiese gimnas en pas gekroonde wêreldkampioen in die mans-vloeroefening, Frederick Richard, sal 'n span Amerikaanse gimnaste lei wat saam met van Suid-Afrika se voorste artistieke gimnaste aan 'n unieke spankompetisie gaan deelneem.

Die geleentheid vorm deel van die Elevate Africa-toer, 'n vennootskap tussen Gimnastiek Suid-Afrika en BushTec USA.

Die program begin om 09:00 met die amptelike openingseremonie om 10:00.

Vier gemengde spanne, bestaande uit mans- en vrouegimnaste, sal aan die kompetisie deelneem.

Suid-Afrika sal onder meer deur Kadin Chester, Joshua Badenhorst, Nathan Rampono, Cody Alexander, Naveen Daries,




Frederick Richard

Jessica Rautenbach, Karma Visagie en Zelme Daries verteenwoordig word.

Volgens die uitvoerende hoof van Gimnastiek Suid-Afrika, Khumbulani Konco, bied die geleentheid 'n uitstekende platform vir internasionale sterre en plaaslike talent om saam te presteer en mekaar te inspireer.

BushTec USA se uitvoerende hoof, Gary Flaks, beklemtoon dat dit nie 'n kompetisie tussen die Verenigde State en Suid-Afrika is nie, maar eerder 'n viering van artistieke gimnastiek.

Lede van die publiek kan die geleentheid bywoon. Kaartjies kos R100 per persoon en is beskikbaar by Quicket.co.za.



SA oorweldig Bangladesj ondanks reënonderbrekings

Die Proteas het gister die eerste toets teen Bangladesj op die DP World Wanderers-stadion in Johannesburg met nege paaltjies gewen, nadat hulle op die vierde en vyfde dag 'n indrukwekkende terugvegpoging van stapel gestuur het. Simon Harmer se ses paaltjies in die tweede beurt het die grondslag vir die oorwinning gelê, terwyl Ryan Rickelton en Kagiso Rabada ook met die kolf uitgeblink het.

Bangladesj het Sondag die eerste dag se spel op 327/6 afgesluit nadat hulle die loot gewen en besluit het om eerste te kolf.

Kagiso Rabada het vroeg reeds sy stempel afgedruk en drie paaltjies in sy eerste boulskof geneem om Bangladesj tot 22/3 te beperk. Hy het ná middagete nog twee paaltjies laat kantel en sy 18de vyfpaaltjiebeurt in toetskrieket behaal.

Die besoekers is op die tweede dag in hul eerste beurt vir 400 lopies uitgehaal. Litton Das (120) en Towhid Hridoy (137) was die uitblinkers met die kolf, terwyl Dane Paterson ook 'n uitsonderlike boulvertoning gelewer het met vier paaltjies vir 92 lopies.

Die Proteas het op hul beurt die dag op 287/4 afgesluit, steeds met 'n eerstebeurtagterstand van 113 lopies.

Marques Ackerman het met 'n uitstekende 157 van slegs 164 balle die voortou geneem. Hy het 21 viere en 'n ses geslaan en 'n tweedepaaltjievennootskap van 202 lopies saam met Zubayr Hamza opgebou.



Aiden Markram en Kagiso Rabada

Die Proteas het die derde dag op 386/7 afgesluit nadat reën en weerlig verdere spel ná middagete onmoontlik gemaak het.

Woensdag, tydens die vierde dag se spel, het Ryan Rickelton sy vierde toetshonderdtal behaal en Kagiso Rabada het met 'n indrukwekkende loopbaanbeste 72 lopies bygedra om die Proteas se eerste beurt tot 557 te neem, met 'n voorsprong van 157 lopies.

Bangladesj se tweede beurt het rampspoedig begin met Rabada, Marco Jansen en Simon Harmer wat vroeg toegeslaan het. Die besoekers het die dag op 100/5 afgesluit en was steeds 57 lopies agter die Proteas se eerste beurt, met 'n moeilike taak wat op die laaste dag voorgelê het.

Die Tiere het die laaste dag moedig probeer, maar kon nie die Proteas se boulers stuit nie. Das het 39 lopies bygedra, terwyl Harmer die belangrike paaltjies van Mushfiqur Rahim (22), Mehidy Hasan Miraz (15) en Hasan Mahmud (4) geneem het. Bangladesj is vir 168 lopies uitgehaal, met die Proteas wat slegs 12 lopies in hulle tweede beurt nodig gehad het om die wedstryd te beklink. Ackerman is vroeg uitgevang sonder dat hy enige lopies kon bydra, maar Aiden Markram het die wedstryd kort daarna met 'n ses beëindig.

Rabada is na afloop van die wedstryd as die speler van die wedstryd aangewys.

Die wedstryd was 'n bittersoet ervaring vir die Tiere se paaltjiewagter, Litton Das, wat ten spyte van sy span se nederlaag 'n nuwe wêreldrekord in toetskrieket opgestel het vir die paaltjiewagter wat die meeste paaltjies in een beurt laat kantel het, naamlik agt. Hy het in Suid-Afrika se eerste kolfbeurt ses vangskote benut en twee kolwers gestonk.

Hierdie oorwinning gee vir die Suid-Afrikaners 'n 1-0-voorsprong in die reeks, met die tweede toets wat op 23 November by Supersport Park in Centurion begin.